

'N HANDSAK VIR ELKE OKKASIE

Sonder haar handsak voel 'n vrou verlore. Hierdie bykomstigheid is veral noodsaaklik om 'n somer-rokkie op te helder of 'n uitrusting tot sy beste te laat vertoon. Dit is ook die bēreplek van al die belangrike goedjies en toormiddels wat ons Evas maar altyd byderhand moet hê.

Ses van hierdie handsakke word gehekel, en een gebrei, sommige van katoen, andere van 'n sintetiese draad of raffia.

As jy stad toe gaan

'n Nuttige handsak wat in trossiesteek gehekel word en wat maklik skoongewas kan word aangesien dit van 'n sintetiese draad gemaak word. Bo om die rand word dit in rye fyn kortbeensteek gehekel.

BENODIGDHEDE: 5 bolle Cherié Cha Cha; 'n nr. 7-hekelpen; 'n handvatsel; voering; stywe binnevoering.

MATE: 10½ duim lank en 15 duim wyd.

SPANNING: 2 trossies per 1½ duim.

AFKORTINGS: s d o h — slaan draad om hekelpen; tr — trossie, word soos volg gehekel: (s d o h steek hekelpen deur volgende kettingsteek, trek die lussie 1 duim lank uit) 4 keer, s d o h, trek deur al die lussies; ks — kettingsteek; kb — kortbeen.

Hekel 'n ketting van 37 ks insluitende 1 ks om mee te draai. Hekel 3 duim in kb en hekel soos volg:

1e ry: Kb tot aan die end, maak 13 ks, 1 ks, draai.

2e ry: 1 kb in elk van die volgende 13 ks, kb tot aan die end, maak 13 ks, 1 ks, draai.

3e ry: 1 kb in elke st (62 kb), 4 ks, draai.

Vervolg op bladsy 23



AS JY STAD TOE GAAN

HEKEL OF BREI
DIT SELF!

'N HANDSAK VIR
ELKE DAG



DEKORATIEF IN BLOU; KLEURVOL
IN ORANJE



'N HANDSAK VIR ELKE OKKASIE

Vervolg van bladsy 21

4e ry: Hekel 1 tr in die vyfde steek vanaf die hekelpen, 2 ks, slaan 2 ste oor, *1 tr in die volgende st, 2 ks, slaan 2 ste oor Herh vanaf * tot aan die end en eindig met 1 tr, 4 ks, draai (20 tr).

5e ry: 1 tr in die eerste spasie, * 2 ks, 1 tr in die volgende spasie. Herh vanaf * tot aan die end, 4 ks, draai. Herh die 5e ry totdat die werk 17 duim van die begin van die trossiepatroon af meet. Hekel 1 ry van 62 kb.

Die volgende ry: Glipsteek oor 13 kb, hekel 36 kb, 1 ks, draai. Hekel 3 duim in kb. Eindig af. Hekel 1 ry kb langs die kante.

AFWERKING:

Knip die binnevoering en twee syvoerings om ooreen te stem met die gehekelde deel. Vou die sak dubbel en werk die kante toe. Stik die synate van die twee voeringdele aanmekaar met die binnevoering tussenin. Werk dit aan die binnekant van die sak vas. Vou weerskant van die sak bo dubbel en werk in glipsteek vas. Steek die handvatsel deur.

Dekoratief in blou

Hierdie handsak word in die fatsoen van 'n tabaksak gehekel. Hiervoor gebruik u raffia en 'n mooi gekoopte handvatsel.

BENODIGDHEDE: 3 spoele Jolly-raffia; 'n nr. 10-hekelpen; 1 handsakraam.

Let wel! Gebruik deurgaans 2 drade raffia.

DIE HOOFDEEL:

Hekel 48 ks.

Die volgende ry: *1 lb, 1 ks, slaan die volgende st oor. Herh vanaf * tot aan die end, 1 ks, draai.

Die volgende ry: kb in elke st tot aan die end, 1 ks, draai.

Hekel verder in kb en verm 1 st aan die begin van elke ry deur 2 kb in die eerste ste te hekel totdat daar 68 ste is en draai elke ry met 1 ks. Hekel 2 rye kb sonder om te vermeerder. Verminder 1 st in elk van die volgende 2 rye deur die eerste st oor te slaan. Herh die laaste 4 rye totdat 58 ste oorbly. Hekel verder in kb en vermin 1 st aan weerskante

Vervolg op bladsy 33



MET 'N KLAPPIE TOEGEKNOOP

HEKEL OF BREI
DIT SELF!

ROOI SAK MET 'N HOUTRAAM



HIERDIE EEN WORD GEBREI

Ek glo aan afsonderlike ontwikkeling — in die slaapkamer.

Weg met mans uit ons slaapkamers, sê ek. Hulle hoort nie daar nie. Hulle versteur die atmosfeer. Hulle werk stremmend en beklemmend op ons in. Hulle maak ons as vroue ontrou aan ons tweede hoogste roeping. Gooi hulle uit!

Soos sake nou staan, is daar glad geen demokrasie in ons slaapkamers nie. Ons manne het 'n sê, 'n alte vry sê; en hulle diskrimineer teen ons. Hulle boelie ons.

Verdeel dus die huis in groepsgebiede en stuur hulle vort na hul eie tuislande. Laat hulle daar self hul potjies krap, en hul eie sake reël, en hul mondevol sêgoed sê.

Dit, voel ek, is die enigste manier om vreedsame naasbestaan te verseker.

Op 'n paar punte van orde: rig die twee tuislande weerskante van die studeerkamer in en verklaar hierdie werkplek tot grensnywerheidsgebied; pas werkreservering (in dié geval: ELKE OU DOEN SELF AL SY WERK) streng toe in die tuislande; en maak 'n tydelike verblyfpermit 'n vereiste vir 'n oor-en-weer-gekuier. (Op laasgenoemde kan daar 'n geringe heffing wees — sê so twintig sent. Dit sal ons vroumense terselfdertyd van 'n bietjie sakgeld verseker.)

Die integrasie wat daar op die oomblik heers, is waarlik nie bevorderlik nie. So 'n saamboerdery — akona.

Kom ons begin by die begin: Die juffrou, pas verloor en vol trou, beplan die dekor van die gemeenskaplike slaapkamer. Sy wil graag ligpers gordyne hê, met valletjies of 'n outydse gedrapeerde kap; en 'n hemelbed met tassels en fyn gaasgordyne wat saans laat sak kan word; 'n spieëlkas met 'n swierige bouffantrok oor drie, vier uitskoponderrokke, weelderige langhaarmatjies, fyn porseleinlampe, en 'n dunne-skraytafeltjie met bypassende slanke stoeltjie. Kompleet nes in die flik.

Maar dit bly, helaas, 'n ydele droom.

„Ek slaap nie op so 'n ding met 'n dak en muskietnet oor nie — dit maak my benoud. Maar kry gerus vir ons 'n ledekant; daardie koperstyle is so nuttig om saans 'n mens se klere oor te hang. Sorg net dat daar 'n stewige tafel aan my kant is, met genoeg plek vir my pyprak en my twaksak en my koffiekoppie en my boeke, en 'n stewige groot leeslamp wat nie sal omfoeter as ek snork nie. En koop tog asbakke wat groot genoeg is vir my pyp; ek rook altyd saans en smoors my ou groot kromsteel; en hou maar daardie spinnekoprige stoeltjies en tafeltjies uit, en in hemelsnaam tog nie te veel frille



DEUR BIENKIE WESSELS

en valle nie. Ek wil nog vir my 'n hond ook kry, 'n groot hond met 'n lang stert, en hy moet altyd sogens by sy baas kom inkruip, en hy moet ook tuis voel. Kleintyd mog my hond nooit by my kom lê het nie en ek het my altyd voorgeneem as ek eendag my eie huis het...

Hulle is nog nie eens gekerk nie, en hul huwelik het al klaar 'n knou weg. Maar die juffrou het soet al die artikels gelees oor hoe mens moet maak om jou man te behou, en sy hou haar maar insiklik. Haar slaapkamer word die nes nommer een van die huis, en die plek waar haar man eenstrykdeur sy „ek-ek-ek” laat geld.

En die reuk! In al die stories wat sy altyd gelees het, was die heldin se slaapkamer vol van 'n dralende, innige, onpeilbare parfuumgeur — en hare stink na hond en taaiman-twak.

Dan, so hoor ons altyd, 'n vrou se hoogste roeping is om 'n goeie eggenote en 'n goeie ma te wees; en die tweede hoogste is om 'n netjiese, mooi, keurige vrou en ma te wees. Maar hoe gemaak as sy haar slaapkamer met haar man deel?

G'n vrou, al is sy eie familie van Helena van Troje, kan deurentyd popperig lyk nie. Daar is noodwendig sekere oorgangstadiums wat sy moet deurgaan om daar te kom. Om moreoggend weer fraai,

RISSIES

EN

RUIKERS

keurig ens. te lyk, moet sy vanaand haar gesig skoonmaak en 'n bietjie vetjies aantik, en haar kapsel uitborsel en so al voort; en voor sy more die heeldag viets ens. kan lyk, moet sy moreoggend eers in 'n stywigheidjie inklim, en weer van voor af aan vir haar 'n gesig skep, en bietjie voligheid en orde in haar hare kry.

Dis 'n hele proses dié — en dit kan katastrofiese gevolge hê as haar man haar tydens die doenigheid of tussen-in sien. Want 'n man soek nie maklik skoor met 'n opgevryfde pronkding van 'n pop nie; maar as hy die more wakker word en hy voel juis bedompig, en hy sien haar en sy lyk ook maar vaal en dingesrig, dan sukkel hy totdat hy sy rusie kry.

'n Vrou moet haar eie private kamer hê.

Daar kan sy tien minute se vrede geniet nadat sy 'n gesigpappie aangesmeer het... Dis raar, nê — maak nie saak waar 'n man was of waar hy veronderstel is om te wees nie, maar so gou sy vrou 'n gesigmasker aanhet verskyn hy uit die niet om daar te kom staan en giegel, en hy roep al ses kinders en hulle giegel saam, en die hond, en die bediende.

Daar kan sy altemit 'n mooi, romantiese gediggie lees... of 'n bietjie deur toeka se liefdesbriewe loer of in haar album blaai... of somer net stilsit en droom, of dink, of kwaad wees.

Die kwaad wees is belangrik. 'n Vrou moet 'n plek hê waar sy lustig kan gaan sit en kwaad wees en pruil oor al die vreeslikhede wat haar aangedoen word. Ek meen sô: sy leer gou dat sy in die getroude lewe die wag voor haar mond maar liever met 'n baie deeglike ritssluiters moet vervang, maar al die ongesêde dinge bly in haar en êrens moet sy darem kan gaan dikbek wees.

Ons voorsate het dit besef. Hulle het vir 'n vrou 'n private kamer gegee, 'n boudoir. En boudoir kom van die Franse werkwoord *bouder* (wat pruil beteken), en 'n boudoir was oorspronklik 'n kamer om in te gaan sit en dikbek wees.

Og, ek sien uit na die proklamering van groepsgebiede in die huis. Dan gaan julle darem ontwikkeling gadeslaan. Menere wat aan die ontbyttafel voor-koppies eerbiedig kus en verneem hoe die nagrus was. Menere wat soete slaapkamergeure kan waardeer en geniet. Menere wat self vuil sokkies uit hul tuislande uitdra — en groot bosse blomme na die ander tuislande toe aandra. En mevroue in roospiek negliges wat geen tydelike permitte wil uitreik of heffings wil aanvaar nie en statig in hul ligpers slaapkamers in verdwyn indien die menere hulle nie na wens gedra het nie...

So kan ons mos in volmaakte balans saam ontwikkel, so afsonderlik.

Vervolg van bladsy 23

van elke ry totdat daar 38 ste is. Breek die raffia af en hekel nog 'n deel op dieselfde wyse.

DIE BUITENSTE SAK

Hekel 42 ks.

Die volgende ry: 1 kb in die 2e ks vanaf die hekelpen, *5 ks, slaan 4 ks oor, 1 kb in die volgende ks. Herh vanaf * tot aan die end.

Die volgende ry: *1 kb in kb, 5 kb in 5 ks-lussies. Herh vanaf * tot aan die end.

Die volgende ry: 1 kb in die eerste st, 5 ks, 1 kb in die middelste kb van die

'N HANDSAK VIR ELKE OKKASIE

eerste lussie, *5 ks, 1 kb in die middelste kb van die volgende lussie. Herh vanaf * tot aan die end. Herh die laaste 2 rye nog drie keer.

Die volgende ry: kb.

Hekel op hierdie wyse verder en wissel die lussies- en kb-rye met mekaar af en eindig elke alternatiewe lussie-ry met 'n 3 ks-halwe-lussie.

As 10 lussie-rye voltooi is, hekel dan 'n laaste ry kb en heg af.

AFWERKING

Werk die sakke rondom die onderste gedeeltes van die twee hoofde vas en los die bokante oop.

DIE INSETSEL

Hekel 14 ks. Een kb in die eerste ks vanaf die hekelpen, 1 kb en elke ks tot aan die end, 1 ks, draai. Hekel 26 duim in kb. Heg af.

Laat 3 duim oop aan weerskante bo en werk die insetsele aan die hoofde vas. Vou die bopunte van die insetsele na binne toe in en werk dan die twee hoof-

dele bo by die insetsel aanmekeer.

Pars liggies met 'n klam doek. Ryg die stafies van die raam deur die gehekelde gleufies van die handsak bo.

Kleurvol in oranje

'n Spoggerige handsak wat van raffia gehekel word. Die patroon is baie maklik, maar tog baie effektief.

BENODIGHEDE: 2 spoel Jolly-raffia; 1 nr. 9-hekelpen; 1 handsakraam.

Let wel: Gebruik deurgaans 2 drade raffia saam.

PATROONSTEEK

1e ry: kb.

2e ry: Slaan die eerste st oor, *1 lb in die 2e st, 3 hlb rondom die regterkant van die lb wat so pas gemaak is, s d o h en trek meteens deur al die lussies, slaan die volgende st oor. Herh vanaf * tot aan die end van die ry. Herh hierdie 2 rye vir die pat.

Hekel 60 ks.

Die volgende ry: 1 lb in die 3e ks vanaf die hekelpen, 1 ks, *slaan die volgende st oor, 1 lb in die volgende st, 1 ks. Herh vanaf * tot aan die end, 1 ks, draai.

Die volgende ry: Hekel 58 kb.

Herh die laaste ry nog drie keer.

Slaan oor na die patroonsteek totdat die werk 11 duim of die lengte wat verlang word, is. Heg af.

Hekel nog 'n deel op dieselfde wyse.

AFWERKING:

Speld twee dele aan die verkeerde kant aanmekeer, maar los 2½ duim aan weerskante bo oop. Hekel die twee dele met kb aanmekeer. Ryg die handvatselstafies deur die gehekelde gleufies aan die bokant van die handsak.

'n Handsak vir elke dag

Die handvatsels word gehekel en die handsak knoop toe. Die skulppatroon vertoon pragtig en hierdie sak is so ruim binne, dat dit baie handig te pas kom vir klein inkopies.

BENODIGHEDE: 3 twee-ons bolle

Bero Katoen; 'n nr. 10-hekelpen; 2 ruknope; voering; stywe binnevoering.

MATE: 12 dm x 12 dm.

SPANNING: 1 patroon (6 lb in ks-lussie, 1 ks, slaan 6 lb oor, 1 kb in kb van vorige ry) per 1 duim.

DIE EERSTE KANT:

Hekel 51 ks, plus 2 ks om mee te draai.

1e ry: 1 kb in die 3e ks vanaf die hekelpen, *4 ks, slaan 4 ks oor, 1 kb in die volgende ks. Herh vanaf * tot aan die end, 2 ks vir die draai.

2e ry: *6 lb in die eerste lussie 1 ks, 1 kb in kb van die vorige ry. Herh vanaf * tot aan die end, 2 ks vir draai.

3e ry: *6 lb in die 1e lussie, 1 ks, slaan 6 lb oor, 1 kb in kb van die vorige ry. Herh vanaf * tot aan die end, 2 ks vir draai.

Herh die 3e ry insluitende totdat die werk 10 duim meet. Heg af.

Begin weer by die eerste ry van hierdie deel. Las die draad aan, hekel 1 ry kb al langs die ks-randjie. Hekel 2 duim in kb en heg af.

DIE TWEDE KANT:

Hekel soos aangegee vir die eerste kant.

STROOK VIR ONDER EN LANGS DIE KANTE.

Hekel 18 ks plus 2 ks vir draai. Hekel 36 duim in kb. Heg af.

DIE HANDVATSEL.

Hekel 10 ks plus 1 ks vir draai en hekel 16 duim in kb. Heg af. Hekel nog een op dieselfde wyse.

OORTREKSEL VIR KNOPE (2)

Hekel 6 ks, las met 'n gls.

1e rondte: 6 kb in die sirkel.

2e rondte: *2 kb in die volgende kb van die vorige rondte, 1 kb in die volgende kb. Herh vanaf * tot aan die end, las met 'n gls.

3e rondte: 1 kb in elke kb van die vorige rondte.

Herh die 3e rondte nog twee keer.

6e rondte: 1 kb in elke tweede kb van die vorige rondte, las met 'n gls en heg

af en los 'n stuk draad aan. Ryg die stuk draad rondom die randjie in, skuif dit oor die ruknoop en trek die draad styf. Heg stewig vas.

AFWERKING

Knip 2 stukke voering en 1 stuk binnevoering so groot soos elke deel. Werk die gehekelde strook onder en rondom die kante van elke deel vas. Stik die voering op dieselfde wyse met die stywe binnevoering tussen elke twee dele.

Steek dit in die sak en werk in glipsteek al langs die boonste rande vas. Vou elke handvatsel in die lengte dubbel en werk die kante oorhands toe. Steek stywe band in die handvatsels vir ekstra stewigheid. Werk die knope aan soos geïllustreer en hekel 2 ks-lussies (10 ks elk) wat ooreenkom met die knope. Werk die handvatsels aan.

Met 'n klappie toegeknoop

Hierdie handsak word in kantsteek gehekel en hiervoor het u ook nie 'n gekoopte handvatsel nodig nie.

BENODIGHEDE: 6 bolle Cherié Cha Cha; 'n nr. 9-hekelpen; systof vir die voering; stywe binnevoering; 1 ruknoop.

MATE: 12 duim wyd en 9 duim diep.

SPANNING: 2 patrone per 3 duim.

DIE EERSTE KANT:

Hekel 76 ks, plus 2 ks vir draai.

1e ry: 1 kb in 3e ks vanaf die hekelpen, *4 ks, slaan 4 ks oor, 1 kb in die volgende ks. Herh vanaf * tot aan die end, 2 ks vir draai.

2e ry: (1 lb 1 ks 1 lb) in die eerste lussie, * (1 ks 2 lb 1 ks 2 lb) in die volgende lussie, (1 ks 1 lb 1 ks 1 lb) in die volgende lussie. Herh vanaf * tot aan die end, 2 ks vir draai.

3e ry: (2 lb 1 ks 2 lb) in die middel van die vorige 2 lb, * (1 ks 1 lb 1 ks 1 lb) in die middel van die vorige 4 lb, (ks 2 lb 1 ks 2 lb) in die middel van die vorige 2 lb. Herh vanaf * tot aan die end, 2 ks vir draai.

Vervolg op bladsy 35

Vervolg van bladsy 33

4e ry: (1 lb 1 ks 1 lb) in die middel van die vorige 4 lb, * (1 ks 2 lb 1 ks 2 lb) in die middel van die vorige 2 lb, (1 ks 1 lb 1 ks 1 lb) in die middel van die vorige 4 lb. Herh vanaf * tot aan die end, 2 ks vir draai.

Herh 3e, 4e rye insluitende totdat die werk 9 duim meet. Heg af.

TWEDE DEEL:

Brei soos aangegee vir die eerste deel.

STROOK TUSSEN DIE TWEE DELE:
Hekel 18 ks, plus 1 ks vir draai.

N HANDSAK VIR ELKE OKKASIE

Hekel in kb totdat die strook ongeveer 30 duim meet. Heg af.

DIE HANDVATSELS (2)

Hekel 10 ks plus 1 ks vir draai. Hekel 16 duim in kb. Heg af.

DIE KLAPPIE

Hekel 14 ks plus 1 ks vir draai en hekel 6 duim in kb.

Die volgende ry: Hekel 5 kb, 4 ks, slaan die volgende 4 kb oor, 5 kb, 1 ks vir draai.

Die volgende ry: kb tot aan die end.

Hekel 2 rye kb, vermin dan 1 kb aan weerskante van elke ry totdat 6 kb oorbly. Heg af.

OORTREKSEL VIR DIE RU-KNOOP:

Hekel 4 ks, las met 'n gls en hekel 4 rondtes in kb.

Die volgende rondte: 1 kb in elke tweede kb, heg af, maar los 'n stuk

draad aan. Ryg die draad om die randjie in en trek styf oor die ru-knoop.

AFWERKING

Pars liggies aan die verkeerde kant. Knip vir elke deel van die sak 2 dele uit die systof en 1 deel uit die stywe binnevoering. Werk die middelste strook aan die kante en bodem van die sydele vas, maar nie die dele in ks nie. Stik die voerings met die stywe binnevoering tussen twee systof dele vas.

Vou die handvatsel dele in die lengte dubbel en werk dit in glipsteek vas sodat dit buisvormig is. Steek van die stywe binnevoering in vir stywigheid. Werk die handvatsels vas en werk die voerings in. Werk die opening met glipsteek om. Werk die klappie en die knoop aan.

Rooi sak met houtraam

Die rooi sal pragtig lyk by 'n ligte somerrokke. Die sak word van raffia gehakel en die patroontjie is baie eenvoudig. Dit sal ook 'n ideale geskenk uitmaak vir iemand wat altyd trots is op haar bykomstighede.

BENODIGDHEDE: 3 spoel Jolly-raffia; 1/2 jaart voering; 1/2 jaart stywe binnevoering; 1 nr. 8-hekelpen; 1 handsakraam.

Let wel: Gebruik deurgaans twee draade raffia saam.

Hekel 128 ks.

1e ry: 3 kb in die 4e ks vanaf die hekelpen, * slaan 2 ks oor, 3 kb in die volgende ks. Herh vanaf * tot aan die end, 1 ks vir draai.

2e ry: * Slaan 2 ste oor, 3 kb in die volgende st. Herh vanaf * tot aan die end, 1 ks vir draai. Herh die 2e ry 46 keer. Heg af.

Las die draad aan die ander punt van

die eerste ry aan. Hekel 3 kb in die middel van elke spasie tot aan die end.

Volg die aanwysings presies soos aangegee vir die eerste kant.

AFWERKING:

Knip twee dele voering en een deel binnevoering so groot soos die raffia deel uit. Stik die voeringdele aanmekaar met die binnevoering tussenin.

DIE SAK: Knip twee dele voering en een deel binnevoering 5 dm. x 5 1/2 dm. uit.

Met die binnevoering bo-op die twee voeringdele, stik u dit rondom drie kante. Keer om sodat die binnevoering aan die binnkant is. Vou die rou kante om en stik die opening toe. Werk die sak aan die middel van die voering vas, 1 1/2 duim vanaf die kort kant. Vou die voering dubbel na binne toe. Werk die kante toe. Werk 'n driehoek van die synaat af tot onder op die bodem, 1 duim in van die punt af aan weerskante van die onderste rand.

Soom die kante van die raffiadeel. Met die sy- en onderste nate opmekaar en en die regte kante na mekaar toe, stik 'n driehoek langs die kant af, 1 duim in.

Stik die voeringdriehoeke aan die raffiadriehoeke aan weerskante onder vas. Keer om sodat die raffiadele aan die buitekant is. Vou die voering bo om en werk dit aan die handsak vas.

VOLTOOIING:

Hekel 1 rondte kb bo om die handsak. Heg af.

Las die raffia by die 11e st van die synaat aan, * hekel 1 kb in elk van die volgende 4 ste, slaan 1 st oor. Herh vanaf * tot by die 12e st van die teenoorgestelde kant, 1 ks, draai. Herh hierdie ry nog drie keer.

Die volgende ry: 1 kb in elke st tot aan die end. Herh die laaste ry weer

eens. Heg af. Vou die laaste 2 rye om na die verkeerde kant toe en werk dit aan die eerste ry van die boonste randjie. Rond die anderkant bo op dieselfde wyse af. Werk die raam aan die handsak vas.

Hierdie een word gebrei

Almal is nie ewe vaardig met die hekelpen nie en vir diegene plaas ons 'n breipatroon vir 'n handsak.

BENODIGDHEDE: 4 bolle Cherié Cha Cha; 1 paar nr. 8-breinaalde; handvatsel; stywe binnevoering; systof vir die voering.

GROOTTE: 8 1/2 duim lank en 13 duim wyd.

SPANNING: 6 ste per duim

PATROONSTEEK:

1e ry: Regte kant van werk na u toe, aw.

2e ry: * aw 3 tes, (r 1, aw 1, r1) in die volgende st *. Herh vanaf * tot * tot aan die end.

3e ry: aw.

4e ry: * (r 1, aw 1, r 1) in die volgende st, aw 3 tes *. Herh vanaf * tot * tot aan die end.

Herh hierdie 4 rye vir die patroonsteek.

Gebruik die duimmetode en nr 8-naalde en stel 92 ste op. Brei 1 ry r. Brei verder in pat totdat die werk 17 duim meet. Heg af.

AFWERKING:

Knip die voering en binnevoering om op die breiwerk te pas. Vou die breiwerk dubbel, werk die kante netjies toe en heg dit aan die handvatsel vas. Werk die synate van die voering toe en werk dit netjies in die handsak vas. ●

IS JY VREESLIK DORS?

EK HET 5 SENT IN MY SAK

KRY DIE PAKKIE MET DIE BEKERMANNETJIE DAAROP

Kool-Aid
SOFT DRINK POWDER KOELDRANKPOEIER

KRY VRUGTE-GEURIGE KOOL-AID EN VERFRIS NA HARTELUS

MAAK ¹² VOLLE GLASE VIR NET 5 SENT

Kool-Aid

General Foods

PNB 1010RR

Verversing vir die hele gesin...nog altyd net 5 sent!